

BOEKRESENSIE

Geld wat is jou waarde?

Oor geslagte heen het die mens 'n verhouding tot geld en vertolk elke mens elke dag hierdie verhouding op verskillende wyses. Om alles te kroon word hierdie verhouding verder ingekleur met die verstaan daarvan deur bepaalde alledaagse beskouinge en praktyke vanaf godsdienstige en morele kant. Ons word daagliks met swak politiese voorbeelde, gierige besigheidstrategieë en aggressiewe reklame aangehits om al meer daarvan uit te gee. Daarom wil ons al meer daarvan bekom, hetsy met skuld, belastinggeld, korrupsie of looneise. Nie net individue nie maar ook groot gemeenskappe, kerke ingesluit, het so behep met geld geraak dat ons kontak met die realiteit daarvan verloor het. Ons weet nie meer wat geld regtig is nie, wat dit veronderstel is om te doen en hoe ons veronderstel is om dit te bekom nie. Die grootste gedeelte van die mensdom het dus vetsugtige aptyt vir geld ontwikkel. Gevolglik het ons tot groot mate ons morele kompas verloor wanneer dit by ons geldkultuur kom.

In sy nuwe boek: *Geld, wat is jou waarde?*, het die skrywer, Dr Philip Theunissen, 'n stuk bevryding kom aanbied deur ons bewus te kom maak van die werklike waarde van geld. Die waarde daarvan lê soms op hoër vlakke maar soms ook op laer vlakke.

Theunissen werk al vir vele jare met Geld en met mense. Uit sy ryke ervaring het hy al uiterstes van alle kante gesien. Hoe graag ons dit wil weet of nie, geld het baie te doen met ons geluk. Hy is eerlik en op die man af oor die waarde van van geld, vir JOU. 'n "Heilige Koei" of twee word ook in die boek opgehoof om geslag te word:

- Die implikasies van rykdom is dat die mens in trapmeul vasgevang raak waarbinne hy in eindelose wedloop bly hardloop om te keep up with the Joneses.
- Gierigheid benadeel die mens se oordeelsvermoë, laat hom kompromiste tref met sy etiese waardes en verblind sy ambisie.
- Die wêreld het totaal oorboord gegaan met skuld omdat dit so geredelik beskikbaar is en omdat ons obsessie met kitsrykdom en sosiale status het.
- Daar is enorme korporatiewe belegging in die vorm van reklame-industrie wat mense onder die indruk probeer bring dat die akkumulering van rykdom hulle gelukkig sal maak.
- Die kerklike wêreld propageer onvermydelik gierigheid met die beginsel van die Tiende, nie net vir hulle self as instellings nie maar ook vir hulle lidmate.

Menige mens word soms in hoeke vasgedruk uit hulle meelewing met of sonder geld. Geld is vir die arm man 'n ontwykende obsessie en vir die rykman 'n swierige smeerkwas van verwaendheid. Aan die een kant is dit diep gewortel en is ons gevangenes, net bloot omdat ons nie van beter weet nie. Ander keer word ons meegesleur deur die mag van geld en verloor ons lewe waarde sonder dat ons 'n sent weggee het.

Daar is volgens hierdie boek oorweldigende bewyse dat daar geen korrelasie is tussen die hoeveelheid geld wat mense het en hoe gelukkig hulle is nie. Geld is volgens Theunissen illusie en het nie 'n absolute waarde van sy eie nie. Die mens gee daaraan waarde, geld bepaal nie die mens se waarde nie. Jou eie waardes moet reeds vooraf gedefinieer wees om aan geld die waarde te gee wat dit het. Geld bevestig uiteindelik net wie en wat ons reeds is. Dit is dus logies dat ons ons finansiële waardes in lyn met ons persoonlike waardes moet bring om ons eie geldkultuur te definieer. As ons in harmonie met ons omgewing en in harmonie met ons medemens leef, sal ons uiteindelik in harmonie met ons geld ook leef.

Hierdie boek kan bevrydend wees vir jou en jou help om vir eens en vir altyd 'n waarde aan geld te koppel. Geld is onlosmaaklik deel van ons daaglikse oorlewing en volgehoue voortbestaan. In die meeste samelewings kan ons nie meer daarsonder klaarkom nie, ons móét dit hê en dit sal waarskynlik so bly so lank as wat die mens gaan bestaan. Dit is dus goed om geld te hê en ook die dinge wat geld kan koop maar dit is net so goed om soms op te kyk van waar ons besig is om geld te maak en geld uit te gee en net seker te maak dat ons nie daardie dinge in ons lewens verloor het wat geld nie kan koop nie. Hierdie boek so opkykgeleentheid.

Geld, wat is jou waarde? word deur Kejafa Knowledge Works uitgegee die boek teen R120.00 (BTW uitgesluit) beskikbaar. Boeke kan aangekoop word van die volgende groepe:

Landbouwinkels: AFGRI, SENWES (Hinterland), VKB, NTK, TWK, KLK, Suidwes Landbou, Obaro.

Boekhandel: Exclusive Books, Grafitti, Bargain Books, Jasmyn, Protea Boeke, Van Schaik, PNA, Wordsworth, Demasius Publications (Windhoek)